# Ons Volksliedjies



deur N. H. THEUNISSEN

VERLEDE week het ek die woorde gegee van 'n aantal variante van „Daar oorkant die spruit daar staan 'n blom," en in hierdie artikel wil ek nog 'n paar gee. Dat daar nog meer is wat aan my onbekend is, is duidelik. Nou-die-aand hoor ek oor die draadloos 'n wisselvorm wat as volg begin het: „Daar ver op die veld staan 'n hartbeeshuis," en so is daar miskien nog baie meer.

### WILHELMIEN

*Daar bo op die berg lê Klein Vogelgesang*
*Die pragplaas van ryk oom Kobus Malan.*
*Daar woon hy alleen met sy dogter Wilhelmien,*
*'n Mooier nooi het jy nog nooit gesien.*

*Haar hare is sagter as sybok se wol,*
*Haar lokkies so lief om haar koppie gerol.*
*Haar wangetjies so rooi soos die rooiste roos,*
*Haar lippies so sag soos 'n ryp appelkoos.*

*Haar neusi's so lief, die fatsoen is so fraai*
*Dit laat my ou kop sommer vinniger draai.*
*Haar handjies so sag en haar vingers so fyn,*
*Haar voetjies net soos 'n kindjie so klein.*

*As ek die kuiltjies in haar wangetjies siet*
*Waar die God der Liefde sy pyltjies in skiet —*
*As ek Wilhelmientjie vir 'n vroutjie kan kry*
*Dan word die ou wêreld 'n hemel vir my.*

In sommige gedeeltes van ons land het hierdie lied 'n komiese einde en die slotwoorde is min of meer as volg:—

*Toe ek oom Kobus vir sy dogter gaan vra*
*Toe word ek met honde van die plaas af geja.*

Ander liedjies wat sterk trek op „Oorkant die Spruit," is 'n aantal waarin die woorde „kolonie," „ponie," „Vrystaat," „Transvaal," ens., voorkom.

### DIE WIND KAN WAAI

*Die wind kan maar waai*
*En die stof kan maar trek,*
*Die blesperd ken tog die afsaalplek.*
*Hiervandaan na die blomvallei,*
*Daar het ek laas met haar opgebly.*
*Hiervandaan na die Winterberg*
*Daar moet ek my soetlief erf.*
*Jou Pa kan slaan en jou Ma kan stry*
*Maar ons gaan in die Kolonie bly.*
*Die bruin met die kol*
*Laat die trane rol,*
*Die bruin met die bles*
*Laat die niggie dres.*
*My Ma het gesê jy kan my kry*
*Solank soos jy op die blesperd ry,*
*Maar as jy nou die bles verkoop,*
*Kan jy na jou swernoot loop.*

In Boshof en Du Plessis se *Piekniekliedjies* kom 'n lied voor waarvan die woorde nagenoeg as volg is:—

### WIE KOM DAAR AAN

*Wie kom daar in die vaalpad aan?*
*Dis gewis my soetlief dan,*
*Ronde, ronde kommetjies*
*Hantamberg se blommetjies.*

*Die bruin perd met die bles voor die kop*
*Die jonkman van plesier daarop.*
*Al woon sy ver in die Transvaal*
*Die kolperd sal haar daar gaan haal.*

*Solank as jy met die wapen ry,*
*Kan jy seker na my kom vry,*
*Maar net so gou as jy hom laat staan,*
*Dan kan jy maar na jou moer toe gaan.*

*Die kolperd gooi sy kop so fier*
*Die deurtrapper van die Grootrivier.*
*Al is sy op die hoogste berg*
*Ek sal haar gou daaruit gaan veg.*

*Die boom sal bloei, die blaar sal val*
*Die blesperd sal haar daar gaan haal.*
*Al is sy agter yster en klip*
*Die blesperd sal haar daar uit ruk.*

Van vers twee en soortgelyke wisselvorme sê dr. S. J. du Toit: „Soms, soos in die versies waar die kolperd en sy baas geskilder word, nader die volksliedjies self die gebied van poësie, soos ons moderne kunsdigters en kunskritici dit wil opgevat hê. Met al ons superieure middele is dit niemand van ons geluk die ideale Boere-jonkman so skitterend in sy jonge krag te teken as in die eeuvoudige versie:—

*Die bruin perd met die kol voor die kop,*
*Die jonkman sit met plesier daarop,*
*Dit wit sakdoek in die linkersy,*
*Dit lyk of hy vanaand gaan vry.*


'n Liedjie wat ek baie in die Suidelike Vrystaat gehoor het, lui as volg:—

### DIE ROOI SPAN OSSE

*Die rooi span osse met die blou bokwa,*
*Party van my en party van Pa.*
*Die hotagter die heet Afrika,*
*Die haaragter sal die disselboom dra,*
*Die hot-op-vier trek soos 'n tier,*
*Die haar-op-vier is 'n mooie dier,*
*Die hot-op-ses is rooi met 'n bles*
*Die haar-op-ses die doen sy bes,*
*Die hot-op-agt die toon my mag,*
*Die haar-op-agt die wys sy drag.*
*Die hot-op-tien die trek miskien,*
*Maar die haar-op-tien die laat hom sien.*
*Die hot-op-twaalf is 'n Afrikanerkalf,*
*Die haar-op-twaalf het strop om die hals.*
*Die hotvoor die heet Komfoor,*
*Die haar-op-voor het die pad verloor.*
*Vooraan die tou is die swarte kriek,*
*Agter die wa is die ysterbriek.*
*Voor op die wa sit die vaalbaard pa,*
*Agter in die wa sit die swartoog ma,*
*Binne die wa sit die boere-nooi.*
*Kêrel, ek sê jou sy is mooi!*
*Die son gaan onder agter Kommetjiesberg*
*Daar waar die nooientjies nog sal erf.*
*Ek ry my perd met saal en trens,*
*Ag hoe lief ek die meisiemens.*

(Vervolg op bladsy 41)

Ek Voel JONGER
Want Ek Neem
Dr. Casseli se Tablette



10 jaar het van my rug afgegly sedert ek Dr. Cassell se Tablette begin neem het! Ek het oud en uitgeput geword en is gefolter deur pyn en senu-aandoenings — maar nou voel ek weer soos 'n seun — vol energie, sonder pyn, oorvloeiende van lewenskrag!

Dr. Cassell se Tablette is die groot verjongingsmiddel van die Menslike Gestel! Hulle vervul u met nuwe senu-krag — gee u weer die „vuur," die „gees," die geluk van die jeug! U behoort hulle vandag te begin neem en te ondervind hoe spoedig hulle u sal bevry van . . . .

Verlies aan Manlikheid
Gebrek aan Lewenskrag
Vroeë Ouderdom
Indigestie Swakheid
Slaaploosheid Senuwees

Duisende der duisende mans en vrouens die hele wêreld oor prys die wonderlike uitwerking van dr. Cassell se tablette! Die geheim van hul wonderlike krag is dat hulle 19 verskillende gesondheidsbestanddele bevat wat elke deel en funksie van die liggaam bevoordeel. Die uitwerking is verbasend!

Verkoop deur alle Aptekers en Winkels
1/6 en 3/6

Dr. CASSELL'S TABLETS
Die Senu-versterkingmiddel wat deurdring tot die OORSAAK van u moeilikheid.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

afgekom. In 'n grot het hulle toe die mummies van 'n groot getal vorstelike Egiptenare ontdek, onder wie ook verskillende van die Farao's. Die sarkofaag van een van hulle is oopgemaak, die omwindsels is afgedraai en eindelik het die ontdekkers vir 'n oomblik gestaan by die gebalsemde lyk van die Farao Rameses II, by wat, soos algemeen gedink word, die verdrukker van Israel was. Ek bring hierdie vooral in herinnering om te benadruk dat daar 'n objektiewe kwaad is wat ons probeer oorheers en waarteen ons moet stry. Noem dit die boosheid van ons vleeslike natuur, die menigvuldige verleiding in ons omgewing, die nadelige invloed van mense rondom ons, of noem dit Satan, dit is alles dieselfde: ek is nie vry om onbelemmerd my gang te gaan en voortdurend net goed te doen nie. Die objektiewe kwaad lê altyd gereed om by te verlei en te verdruk.

# IN DIE BINNEKAMER

(Vervolg van bladsy 30)

'n Ander, bemoedigende beginsel kom egter ook hier aan die lig.

## GODS ALMAG

word geopenbaar om die Trek moontlik te maak. In elke stap kom dit te voorskyn. Toe Moses geroep en aangestel word as leier, het God aan hom sekere tekens gegee as 'n aanduiding dat hy in daardie hele onderneming sou kan reken op die almag van God om die plan deur te voer. Elkeen van die plae, en eindelik die verdeling van die see, was 'n bewys dat die almag van God tot sy beskikking was om deur te voer wat Hy voorgeneem het. Dit kon ook nie anders nie, want Israel was magteloos om die bande van hul slawerny self te verbreek. As een van hulle in 'n oomblik van moedelose verset op eie houtjie probeer wegstap het, sou hy gou-gou weer in dieper verdrukking verval het. Alleen deur die ingrypende almag van God kon hulle verlos word. En daarò ə almag was toe hul diens.

In ons eie Trek is dit netso. Ons slaan ons vuiste nodeloos stukkend teen die poorte van ons gevangenis. Maar Gods almag staan ook vir ons redding gereed as ons gelowig ons beroep daarop wil maak. Hierdie gerusstelling moet geen sorgeloosheid in die hand werk nie, asof ons maar kan stil sit en God alles sal doen. Israel het sy pertinente opdragte gekry en moes dit uitvoer. Hy moes hom aangord en met sy gesin en sy goed op trek gaan, maar agter dit alles het die almag van God geskuil.

Ons is nie alleen in ons stryd teen die sonde nie. Die almagtige God voer Sy beloftes uit as ons langs Sy weg uit die slawerny wil trek. Wat is Sy weg?

## VERSOENING VOOR VERLOSSING

Die verlossing wat God met Sy almag bewerk, geskied nooit as 'n bloot uitwendige, meganiese operasie nie. God verlos nie 'n mens met sonde en al uit sy ellende nie, maar Hy verlos hom eers van sy sonde sodat Hy hom uit sy ellende kan red. Die Israeliete moes by hul redding daardie les leer. Op die tiende dag van die maand moes hulle 'n lam afsonder, op die veertiende dag dit slag en eet. Die bloed daarvan moes hulle aan die syposte en bo-drumpel van die deur smeer om aan te toon dat dié wat agter daardie deur woon, bestempel is om gered te word. Die slag van die lam was die teken van hul versoening met God. Elke jaar moes hulle die Pasga herhaal om te verseker dat hulle in die regte verhouding tot God bly.

Ek wil dit toepas op ons vanjaar. Ons gaan ons eie Groot Trek herdenk. Hoe sal ons dit doen? Sal daar net 'n gejuig wees oor die uitredding wat God 'n eeu gelede aan ons voorvaders gegee het, of sal ons iets van die diepere betekenis daarvan vir ons eie lewe probeer opvang? Die versoening met God, die afrekening omtrent alles wat agter is, is nodig voordat ons met waarheid kan feesvier.

# S.A. Volksliedjies

(Vervolg van bladsy 19)

Van die laaste gedeelte bestaan daar ook baie variante. Dit vorm nie alleen die slotreëls van sekere liedjies nie, maar ook die beginreëls van andere. Dr. Du Toit gee die volgende wisselvorm:—

*Langs die wa loop die vaalhaar-pa,*
*Bo op die wa sit die krulhaar-ma,*
*Voor die tou loop die swarte kriek,*
*Binne die wa sit 'n mooi klein Griet*
*Maar agter die wa sit 'n ysterbriek.*

'n Ander wisselvorm lui as volg:—

*Veertien rooies voor die wa,*
*Die hotagter-os is Afrika.*
*Voor in die wa sit 'n blou-oog nooi*
*Sy's nog jonk maar is sy mooi,*
*Sy's die nooientjie wat ek voor wens*
*Groot is my liefde vir die meisiemens.*
*Rooi span osse, rooi-wiel wa.*
*More gaan ek ouers vra.*
*Hoender, kop-en-pootjies, tamatie-slaai,*
*Met daardie nooientjie wil ek graag draai.*

As ons die woorde „Hoender, kop-en-pootjies" lees, laat dit ons onmiddellik dink aan:—

*Hoender, kop-en-pootjies, tamatie-slaai,*
*Mamma het die vleis op die rooster gebraai,*
*Daar waar die son en die maan ondergaan*
*Daar het ek my soetlief laat staan.*
*Padda in die dam, kriek in die vlei*
*Doring in die hart, hoe steek jy my.*
*Padda in die dam, kriek in die vlei,*
*Waar is die nooientjie wat so lekker vry.*

In hierdie liedjie kom weer woorde voor wat deel uitmaak van 'n ander lied, „Daar waar die son en die maan ondergaan," waarvan die musiek van die aanvangsreëls baie mooi is.

*Daar waar die son en die maan ondergaan,*
*Daar het ek my soetlief laat staan.*
*Julle kan sê wat julle wil sê,*
*Die blou-oog nooientjie wil ek hê.*
*Voor haar deur staan 'n wilgerboom,*
*Daar hang ek my saal en toom.*
*Agter in die tuin staan 'n mooi rooi roos*
*Daar sal ek my hartlam troos.*

Jare gelede is hierdie lied omgedig deur prof. H. M. van der Westhuyzen van die Pretoriase Universiteit, maar ongelukkig het ek nie op die oomblik die woorde beskikbaar nie.

(Word Vervolg)




Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012